

2021 Graad 12-leerders >>> Hierdie is julle geleentheid om julle drome te bewaarheid

Graad 12 is 'n uitdagende en veeleisende jaar vir leerders. Jy het bykomende ondersteuning en goeie advies nodig. Hierdie boekie poog om huidige graad 12-leerders te motiveer en aan te moedig deurdat hulle die suksesverhale lees van sommige van die leerders wat goed gevaar het in vorige Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens. Hierdie leerders deel hulle verhale mee deur eers hulle agtergronde en die strategieë

wat hulle gebruik het om goeie uitslae te verseker, te skets, en dan woorde van bemoediging en motivering te voorsien.

Daar word vertrou dat wanneer jy die verhale van hierdie suksesvolle NSS-kandidate lees, jy aangemoedig en oortuig sal word dat, ongeag die omstandighede en die uitdagings wat jy in die gesig staar, jy sukses kan behaal as jy harder en slimmer werk. >>>

Lees en Leer >>> Die O-VLOK-H-metode om 'n handboek te bestudeer

Die O-VLOK-H-metode is 'n beproefde, stapsgewyse strategiese benadering om uit handboeke te leer. Waarom is dit suksesvol? Omdat dit jou help om die belangrike feite en idees in jou handboek te vind, en om daardie inligting te bemeester en te onthou sodat jy voorbereid is vir die eksamen.

O-VLOK-H is 'n afkorting wat jou help om die stappe te onthou en dit maak ook verwysings daarna makliker. Die letters dui die stappe wat gevolg word aan: (O = oorsig, V = vrae stel, L = lees, O = opsom/opskryf, K = kontrole, H = hersiening)

Indien hierdie ses stappe toegepas word, sal dit jou studietyd meer doelgerig en doeltreffend maak. Alhoewel dit tyd verg en ingeef moet word, sal dit nie meer nodig wees om hoofstukke in jou handboek oor en oor te lees indien jy die metode aangeleer het en kan toepas nie.

'n Verdere voordeel van die O-VLOK-H-metode is dat jy dikwels jou eie vrae oor 'n toets kan opstel. Omdat baie onderwysers die handboek as 'n oorsig van die vakinhoud gebruik, sal hul toetsvrae uit dieselfde bron kom as die een wat jy gebruik. As jy jou notas en tekste deurgaen, sal jy baie eksamenvrae kan voorspel en antwoorde daarop kan voorberei.

Hieronder volg 'n beskrywing van elk van die stappe:

1. OORSIG: (voor die les)

Hierdie oorsig behoort nie langer as 20 – 25 minute te duur nie, selfs vir die langste hoofstuk. Die doel van die hoofstuk-oorsig is om 'n geheelbeeld te kry waaroor dit handel, watter inligting die skrywer verskaf, in hoeveel sub-onderwerpe die inligting verdeel is en hoeveel tyd jy aan die lees daarvan sal bestee. Lees die volgende:

- Titel van die hoofstuk
- Inleiding
- Doelwitte
- Woordeskat
- Opsomming
- Hersieningsvrae
- Vetgedrukte opskrifte
- Grafika en byskrifte

2. VRA: (voor die les)

Verander elke vetgedrukte opskrif in 'n vraag deur een van die volgende woorde te gebruik: wie, wat, waar, wanneer, waarom of hoe.

- Die rede waarom 'n vraag uit elke opskrif geformuleer word, is om 'n doel te stel waarom die materiaal in meer besonderhede gelees moet word. Indien jy lees om 'n antwoord op 'n spesifieke vraag te kry, lees jy aktief.

3. LEES: (na die les)

Lees die gepaardgaande teks onder die opskrif aktief om 'n antwoord te kry op die vraag wat jy in Stap 2 gestel het. Die antwoord sal gewoonlik bestaan uit die hoofidee(s) en die ondersteunende idees van die paragraaf/ paragraawe.

Lees die gedeelte sodat jy die antwoord op jou vraag kan kry. Die rede waarom jy lees, is om die antwoord op jou vraag te kry.

4. OPSOM/ OPSKRYF: (na die les)

Hierdie stap behels dat jy die werk neerskryf. Jy kan 'n verskeidenheid opsommings volgens jou eie keuse maak: Gewone manier: Trek 'n aantal kolomme vir die aantal hoofgedagtes wat jy het en plaas dan al die kernwoorde onder die betrokke ooreenstemmende hoofgedagte. Vloeiagram. Plaas die hoofgedagtes, verspreid onder mekaar, met lyne vanuit die hoofgedagte vir soveel kernwoorde (onder mekaar) as wat daar is. Visualisering - "sien"/dink in prentjies. Gebruik 'n eenvoudige tekening/prentjie vir voorstelling, bv. roetine ***** (stel herhaling voor) Onthou: jy moet dit kan herroep. Kleur moet helder, kontrasterend en nie te veel wees nie. Geheuekaart. Plaas die blad dwars voor jou. Skryf/teken die onderwerp in die middel. Gebruik verskillende kleure. Trek lyne wat die hoofgedagtes kloksgewys vorm. Gebruik drukskrif. Vanaf die hoofgedagtes se lyne trek lyne vir soveel kernwoorde as wat daar is. Skryf die woorde bo-op lyne sodat dit leesbaar is. Hoofgedagtes word in hoofletters geskryf en kernwoorde in klein letters. Trek 'n "wolk" om elke hoofgedagte, met sy kernwoorde. As jy iets wat jy gelees het, neerskryf, sal jou begrip en onthouvermoë verbeter.

5. KONTROLE: (voor die volgende les)

Maak seker daar ontbreek nie inligting in jou handboek of notas nie, want jy gaan hierna slegs jou opsommings gebruik om te leer.

6. HERSIEN (voor die volgende les)

Dit is die laaste stap waartydens jy gaan seker maak dat jy jou opsomming "in jou kop kry".

Hou jou antwoorde toe en stel dan die vrae aan jouself. Indien jy nie die vraag kan beantwoord nie, kyk weer na jou notas en toets jouself weer. Wanneer jy seker is dat jy die vraag en antwoord verstaan, kan jy dit afmerk.

Die doel van hersiening is om jou te help om vir die eintlike toets voor te berei.

Onthou dat baie min mense handboeke vir genot lees; handboeke word gelees om inligting te verkry en om daardie inligting te onthou en toe te pas. Hersiening help jou om die inligting te onthou.




4 strategies to master
Reading with understanding
<https://goo.gl/LzegQI>

Adelaide Jansen

Fezekile Sekondêre Skool

As ek aan matriek dink, is die eerste woorde wat by my opkom werk, werk en nogmaals werk! Ek vra myself of daar ooit 'n manier is om hierdie hope werk aan te pak? Maar dit is darem nie heeltemal so erg nie.



Ek wil graag aan die Graad 12-klas van 2021 'n paar wenke gee oor hoe om hul eindeksamen met vlieënde vaandels te slaag. Eerstens, is dit baie belangrik om te weet wat dit is wat jy wil hê. Hierdie sal jou 'n goeie idee gee oor hoeveel jy moet insit. Stel vir jouself doelwitte, maar wees versigtig om nie te hoë verwagtinge van jouself te hê nie. Onthou, jy weet tot hoeveel jy in staat is en as jy te veel druk op jouself plaas, sal dit later voel asof jy geen vordering maak nie.

Daag jouself uit. Sê vir jouself dat jy dit kan doen, dat jy dit móét doen en dat jy dit sal doen. Op hierdie manier herinner jy jouself waarom dit belangrik is vir jou om jou eindeksamen te slaag. Dit is verstane as jy soms sal voel om tou op te gooi, maar verander hierdie negatiewe denke na positiewe denke. Dink aan iets wat jou gelukkig maak en laat ontspan, daarna sal jy weer lus kry vir die lewe.

Gebruik die onderwysers se ekstra moeite tot jou eie voordeel. As daar ekstra klasse aangebied word, woon elkeen van hierdie by, want 'n mens weet nooit te veel nie. Moenie huiwer om hulp te vra nie. Maak dus gebruik van jou klasmaats. Daar is dalk een wat iets beter verstaan en jou dan kan help om dit ook te verstaan; julle kan ook studiegroepe vorm.

Dit is van 'n uiterste belang om 'n studierooster te hê. Hierop sal jy die tye het wanneer jy sal studeer. Dit sal goed wees as jy eers met die belangrike vakke begin. Nadat jy klaar geleer het, kan jy jouself beloon deur 'n bietjie te rus. Byvoorbeeld, as jy na skool vir 'n uur met jou boeke gesit, het kan jy die volgende 15 minute voor die televisie ontspan.

Jy sal dit nooit regkry om 'n vak met goeie punte te slaag as jy nie daarvan hou nie. Verander dus jou houding teenoor jou skoolwerk.

Moenie uitstel nie. "Procrastination is the biggest time thief". Jy sal definitief nie goeie resultate kry as jy 'n aand voor die tyd gaan studeer nie. Gaan deur werk wat die vorige dag in die klas behandel is, so maak jy seker dat jy dit verstaan en indien nie, kan jy jou onderwyser nader. Dit sal ook baie help wees as jy goed deur vorige jare se vraestelle werk. Die onderwyser verskaf genoeg hiervan en die internet is propvol daarvan.

Al hierdie dinge klink dalk asof dit te veel moeite is, maar glo my jy sal nie spyt wees oor al hierdie moeite nie, want as jy jou matriekuitslae ontvang, sal jy sien dit was alles die moeite werd.

Sterkte Graadtwoaifs!

Githe Vorster

HS Piketberg Matriek 2020

Op julle merke, gereed, gaan! Die wedloop het begin. Die tyd is min en dit vra uithouvermoë. Dis amper soos 'n jaagtoneel in 'n fliëk, maar net belangriker, want dis jou lewe. Daar is nie tyd vir enige iets of enige iemand nie. Dis hoe Matriek altyd aan my verduidelik is.



Hierdie beskrywing is nie heeltemal verkeerd nie, maar ek wil ook nie toekomstige matrieks afskrik nie, daarom sal ek dit verander na: Die wedloop het begin. Die tyd is min. Dit is soos 'n jaagtoneel in die fliëks, maar jy ry in 'n afslaankapmotor en die wind waai deur jou hare. Jy is self agter die stuur. Die adrenalien jaag deur jou are. Jy is "on top of the world."

Daar word gesê dat die belangrikste vaardigheid vir matrikulante "tydsbestuur" is, want anders gaan jy nie alles klaarkry/regkry nie, maar ek wil iets byvoeg: VERTROUE – vertrou in jouself en vertrou in jou onderwysers.

Jy moet glo, nee, jy moet WEET, dat jy in staat is om deur die Rekondeksamen en die NSS-eksamen te kom.

Hoe?

Jou onderwysers het die kennis en jy moet vertrou dat hulle jou belange op die hart dra om jou goed genoeg voor te berei.

Maar JY moet ook hard werk. Harde werk lei tot selfvertroue. Daarom, moenie vergeet van al die, kom ons noem dit maar "cliché"-wenke wat altyd aan matrieks gegee word nie. Dis waar, dit werk en dit help BAIE. Werk hard, doen vaslegging, beplan en beoefen tydsbestuur. Dit gee jou selfvertroue wanneer die "curve balls" van die lewe jou tref en met selfvertroue sal jy van al die "curve balls" 6'e maak!

Matriek is verseker een van die lekkerste jare van jou skoolloopbaan, maar dis ook 'n harde en moeilike jaar. Daarom, wanneer jy voel dat jy op jou laagste punt - "rockbottom" - is soos hulle dit noem, onthou, "rockbottom" is die beste fondasie om op te begin bou. 'n Wyse man bou sy huis mos op 'n rots, of hoe?

2020 was nie die ideale matriekjaar nie, dis verseker, maar nou is ons net meer voorbereid vir die wêreld daar buite, en ek is oortuig daarvan dat die Matrieks van 2021 ook die "grootmenslewe" met SELFVERTROUE gaan aanpak. Want dis wat regtig saak maak.

Alle sterkte aan ieder en elke matriekleerder van 2021.

Nephanté Tieties
Roodezandt Sekondêre
Skool
Matriek 2020



Matriek!

Net die gedagte aan jou laaste skooljaar bring die grootste opgewondenheid.

Toe ek my rapport aan die einde van 2019 ontvang en besef dat ek in 2020 'n matriekleerder sal wees, het my hart oorgeloop van vreugde. Nooit het ek gedink dat my laaste skooljaar, wat veronderstel was om een onvergeetlike jaar te wees, so verskriklik vreemd sou uitdraai nie.

COVID-19. Pandemie. Ongevraagd brei ons woordeskat uit. Isolاسie, handsanitasie en maskers het ons nuwe normaal geword. Onsekerheid en vrees het totaal oorgeneem.

Tydens die grendeltydperk was my grootste kwelling: "Wat nou van my toekomsdrome? Hoe kan ek steeds sukses behaal in so 'n abnormale jaar?"

Wel, om drome in die lewe te bereik, vereis mos om 'n visie én 'n missie te hê. Dit begin by jou ingesteldheid. Of hoe? 2020 was 'n jaar van uitdagings waarvan ons nog nooit gehoor het nie. Van trauma op baie vlakke. 'n Jaar waarin ek besef het ek moet maar net van dag tot dag lewe. Dat ek elke dag ywerig moet aanpak en dit wat die dag inhou net reguit in die oë moet kyk.

Daar was dae dat ek gevoel het ek kan glad nie meer byhou met alles wat ek sien, hoor en voel nie, dat alles net te veel raak. In sulke tye was dit die uitsien na die vervulling van my toekomsdrome wat my weer moed en uithouvermoë gegee het, my aangespoor het om elke dag net beter te werk. My laat glo het dat daar regtig lig aan die einde van die donker, onseker tonnel sal wees. My motto was: Bly positief. Bly gefokus. Werk hard. Werk elke dag.

Matrieks van 2021, net soos ons nie geweet het wat die jaar 2020 vir ons inhou nie, is 2021 nog redelik onbekend vir julle. Wat ek wel kan sê en wat vir my 'n groot bron van bemoediging was, is: Niks is onmoontlik nie. Nie 'n pandemie of enige virus kan jou beroof van jou drome nie. Dit hang regtig af van wat jy as persoon van 'n slegte situasie maak.

Werk gefokus vanaf die heel eerste dag van die jaar. Gee meer as net jou beste, want jou beste is nie goed genoeg as jy aan jou toekomsdrome dink nie. Bestee jou tyd met die grootste sorg. Jy dink dis 'n cliché, maar ons het dit beleef: Tyd is kosbaar! Pak elke dag aan soos dit kom. Pas aan by alle omstandighede. Onthou, as jy die boom elke dag versorg, sal jy op die ou end beloon word met pragtige, gesonde vrugte. Deurlopende, harde werk word beloon.

En onthou, die onderwysers is aan jou kant. Hulle gee regtig om, hulle het die beste raad. Hulle is altyd bereid om daardie ekstra tree te gee. En nog ekstras daarby. Vra hulp en vra dikwels as dit nodig is.

Elkeen se toekoms is in sy eie hande, maar God bestuur dit. Maak Hom deel van jou daaglikse lewe. As ek, Nephanté Tieties, nog staande kon bly in so 'n 2020-pandemie-matriekjaar, sal jy ook, wat 2021 ookal vir jou inhou.

Sukses in 2021 is vir geen matriekleerder onmoontlik nie.

Daylen Tobias
Gansbaai Academia
Matriek 2020



Sukses kan nie altyd in syfers gemeet word nie.

Dis 'n abstrakte term wat ons soms aan die verkeerde ent beet het, tog lê die vraag oor sukses op jou tong: Wat verg dit om sukses te behaal en wat beteken sukses vir jôu?

Vir my gaan sukses oor respek en harde werk. Ons moet ander respekteer en bereid wees om nuwe vaardighede aan te leer. Gedissiplineerdheid en toegewydheid aan jou drome plavei ook die paadjie na sukses in jou matriekloopbaan.

Ek haal aan: "Opvoeding is die magtigste wapen wat ons kan gebruik om die wêreld te verander".

Die klip en die woordeboek is metafores verteenwoordigend: Die klip het geen doel nie (of het dit?) en lê en bak in die warm son. Dit is verteenwoordigend van die mens wat in sy gemaksones is en weier om daaruit te kom. Die woordeboek, daarenteen, bevat woorde wat ons daaglik gebruik en nodig het ... Sonder woorde is ons niks! Die woordeboek help graag wanneer ons 'n woord naslaan. Woorde is immers die voertuig tot sukses!

COVID-19 het ons in Maart 2020 getref en daarmee is die bordjies verhang. Die "nuwe" normaal het ons met vele uitdagings verlam, maar hierdie jaar kan vir jou, klas van 2021, vele voordele inhou. Só baie bronne is beskikbaar vir julle: die e-portaal van die WKOD, Wolksskoollesse, #My Lesse en dan die onuitputlike bron: jou opvoeders.

My wenke vir julle is die volgende: Oefen gereeld – dit verminder stres en aktiveer jou breinselle. Stel vroegtydig 'n studierooster op en moenie eens daaraan dink om laat nagte tydens die eksamen te studeer nie! Lees jou vraestelle goed deur; verstaan wat van jou verlang word en besin eer jy begin. Onderstreep kernwoorde. Moenie haastig wees om die eksamenlokaal te verlaat nie. Onthou, 'n haastige hond verbrand sy mond!

Sukses staan jou in die gesig. Dit is jou keuse om dit met albei hande aan te gryp. Benut geleenthede om te groei. Word jy die verandering wat jy in die wêreld wil sien. Maak seker jy spring uit jou gemaksones.

Moenie die klip wees nie. Wees eerder die woordeboek en deel jou kennis met die wêreld.

Om 'n beroep te kies ...

Weet jy ...

- Wat jy graag eendag wil word?
- Watter beroep jy beplan om na te streef?
- Watter vakke jy sal moet neem?
- Waar jy wil studeer?
- Hoe jy vir jou studies sal betaal?

Is jy in staat om:

- Goeie beplanning vir jou toekoms te doen?
- Ingeligte besluite oor 'n beroep te maak?
- Goeie keuses te maak?

LAAT DIE WKOD JOU HELP ...

Hierdie boek is vol inligting oor VOO-vakke en moontlike beroepe waarna jy kan streef indien jy hierdie vakke gekies het.

Die vakke wat jy gekies het, kan lei na 'n verskeidenheid beroepsvelde waarbinne jy 'n magdom beroepe sal vind waaruit jy kan kies, onder andere:

Tale en kommunikasie: uitgewer, skrywer, interpreteerder, joernalis, vertaler

Visuele Kunste en Ontwerp: kunsonderwyser, kunstenaar, advertensie, klereontwerper, tandtegnikus

Uitvoerende Kunste: akteur, komediant, platejoggie, grimeerkunstenaar, televisie-vervaardiger

Bemarking en verkope: advertensie, entrepreneur, mode-aankoper, toerisme en reis

Bestuur en Beplan: administratiewe amptenaar, geleentheidsbestuurder, projekbestuurder

Finansiële Bestuur: rekenmeester, ouditeur, tesourier, kredietkontroleerder, makelaar

Klerklik en Sekretarieel: sekretaris, ontvangsdame, datavaslegger, proefleser

Plante en Diere: toerleier, landboukundige, bioloog, tuinboukundige, dierkundige

Sport: biokinetikus, sportafripter, fiksheidsfarigter, persoonlike afripter, skeidsregter

Ambagte: landboukundige tegnikus, skrynwerker, kopersmid, slotmaker, sweiser

Ingenieurswese: lugverkeerkontroleur, tekenaar, siviele ingenieur, meganiese ingenieur

Wetenskappe: biogenetikus, kartograaf, apteker, fisikus, grondwetenskaplike, kerningenieur

Rekenaars: besigheidstelsels, stelselanaliseerder, rekenaar hardeware/sagteware ingenieur

Gesondheidsdienste: tandarts, dermatoloog, internis, mediese dokter, sielkundige



Gesondheids-ondersteuningsdienste:

dieetkundige, gesondheidswerker, verpleegster, arbeidsterapeut

Sosiale Wetenskappe: ambassadeur, uitgewer, historikus, politieke wetenskaplike, maatskaplike werker

Wette: prokureur, advokaat, ondersoeker, buitelandse sake amptenaar, openbare beskermer

Opvoedkundige en Ondersteuningsdienste: au pair, beroepsvoorligter, onderwyser, bibliotekaris

Kreatiewe Dienste: spysenier, kok, graveur, haarkapper, hotelbestuurder, letterskilder

Algemene dienste: lugwaardin, haarkapper, motorbestuurder, skoonmaker, meterleser, huurmotorbestuurder

Wetstoepassing en beskermingsdienste: polisieman, soldaat, verkeersbeampte

Vind 'n beroep wat sal pas by die vakke wat jy gekies het. Indien jy onseker is of jou belangstellings en talente tot 'n beroep sal lei, is dit belangrik dat jy die belangstellingsvraelys of self-eksplorasië oefening voltooi wat deel is van die inligting in die PACE beroepsentrum se CD of die PACE Beroepsentrum se gids. Die PACE-inligting is by jou skool beskikbaar. Dit is belangrik dat jy die beroepe navors om antwoorde op al jou vrae te vind.

Die belangstellingsvraelys stel jou in staat om JA/NEE op 105 vrae oor jou belangstellings te antwoord. Dit is vrae oor dinge waarvan jy hou/nie hou nie, jou belangstellings, jou persoonlikheid, ens. Nadat jy die vraelys voltooi het, verskyn 'n profiel van die loopbaanrigtings waarin jy belang sal stel, gebaseer op jou antwoorde. Die loopbaangids bevat 'n lys van 21 loopbaanrigtings, maar daar kan meer wees. Die loopbaanrigtings is gerangskik vanaf dit waarin jy die meeste tot die minste belangstelling toon. Nou kan jy die rigting navors om vas te stel in watter loopbaan jy die meeste belang stel en daarna spesifieke beroepe navors.

Gesels met die Lewensoriëntering-onderwysers by die skool. Hulle is in staat om jou met meer inligting rondom moontlike beroepe te help.